

# Saterdag 26 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 27:1-20

Fokusgedeelte: Handeling 27:20

## **God se hand in die normale verloop van omstandighede**

Die openbaringsgeskiedenis openbaar aan ons hoe ons hemelse Vader sy wil ontvou in die skynbaar normale verloop van omstandighede (skeepsroetes, reisskedules, weersomstandighede). Ons Vader is in beheer van die skepping en bestuur sake.

Hy beheer ook mense en nie net gelowiges nie, maar ook ongelowiges. Selfs die invloedryke leiers se besluite staan onder sy beheer en bestuur. Dink aan die keuses van Julius en die eienaars van die skip waarop die gelowiges moes verder reis. God werk met 'n plan en in sy groter plan wil Hy die evangelie laat uitkom by al sy uitverkore kinders. Hy stel dus geweldig baie dinge in werking in hierdie wêreld om te verseker dat sy plan bewaarheid word. Daar is dus nie iets soos toeval nie. Die Heilige Gees van ons Vader en die Seun gebruik selfs die verkeerde besluite van mense om steeds te sorg dat God se beplanning deurgaans.

Ons moet nooit vir 'n oomblik twyfel dat God ook ons intrek in sy beplanning nie. In die mees alledaagse gebeure gebruik Hy ons in sy diens. Selfs die verkeerde besluite wat ons neem, kan Hom nie onverhoeds betrap nie, maar sal Hy gebruik in sy verheerliking. Die Heilige Gees wil ons ook gebruik in die uitbreiding van Christus se koninkryk in hierdie wêreld. Ons moet dus leer om 'n bietjie verby al die gewone en alledaagse dinge in ons lewens te kyk.

Mag die Heilige Gees ons oë verhelder, soos met die apostel Paulus, om God se hand in alles te sien.

*Sing: Psalm 33-1:4*

*Ds. TJ van Vuuren (Tommie) (Heilbron)*